

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 24

11 Junie 2023

## Die Heilige Gees (slot)
## Wie is die Heilige Gees?

**Die vervulling met die Heilige Gees bemagtig jou om te getuig**
**Daar is egter iets spesiaals in die sin waarop die Heilige Gees die individuele gelowige vervul en hom/haar bemagtig vir aanbidding en diens (Hand 1:8). Dit word dikwels die doop of vervulling met die Heilige Gees genoem. Daarom het Jesus die Vader versoek om die Heilige Gees te stuur sodra Hy na Sy Vader teruggekeer het.**
**"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak (Helper, Trooster) stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." – Joh 14:16,17**
**Wanneer het die Heilige Gees aarde toe gekom?**
**Hy is ewig en is sedert die skepping betrokke by die aarde. In die Ou Testamentiese tyd het Hy gelowiges na die Vader toe getrek, Abraham is 'n goeie voorbeeld van sulke geloof. Die Gees het ook baie individue soos Elia bemagtig om hulle generasie te bereik. Moses het God gevra om alle gelowiges te bemagtig (Num 11:29) en dit is presies wat die Here op Pinksterdag gedoen het (Hand 2:1,2).**
**Gelowiges is beveel om die Heilige Gees te ontvang**
**Die vroeë Kerk is beveel om op die belofte van die Vader te wag en dan die Heilige Gees te ontvang wanneer Hy kom (Hand 1:4). Vyftig dae ná die hemelvaart van Christus het die Heilige Gees gekom en Handelinge 2:1-4 vertel wat gebeur het. Hy was (en is) die sleutel om die "onsigbare" Kerk "sigbaar" te maak en daardie Geesvervulde gelowiges het die wêreld omgekeer (Hand 17:5,6).**
**Die Bybel teken aan dat die 120 gelowiges in die bovertrek Hom ontvang het. Ander, soos sommige gelowiges in Samaria en Efese, het byvoorbeeld nie (Hand 8:15-18, Hand 19:2,6). Ná lering en gebed het hulle Hom ook ontvang.**
**As jy wedergebore is, moet jy eenvoudig bid en die Heilige Gees nooi om jou te vul en jou te bemagtig.**
**"In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort volkome sal verlos. Daarom moet ons Sy grootheid prys." (Ef 1:13-14) – Val Waldeck**

**Dankie!**

**Vir die bemagtiging van die Heilige Gees om te getuig!**
**Dat die Heilige Gees, ons Trooster en Helper, vir ewig by ons sal wees!**
**Dat die Heilige Gees ons as die eiendom van God beseël!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en student. Ook die wat met eksamens besig is – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom en water krisisse..

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie Cedric Wiegand
- Maria Steyn Ria Putter
- Oom Sampie Swart Jillian Jansen
- Jaco Steenkamp Monty Pienaar
- Tannie Marinda Jordaan Heleen Lamont
- Ina van der Merwe Stefaans du Plessis
- Annika Killian Sumari Pretorius
- Leonie Kruger Benny Jansen
- Petrus Venter
- Dink in gebed aan die familie van oom Stoffel Reynders met sy afsterwe

## Gedagte vir die week

**Ek (Johannes) doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere…. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. (Matt 3:11)**

## Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org